

# Vrystaatse Ordonnansie op Natuurbewaring, Ordonnansie 8 van 1969

## Opgestel deur Lourens Goosen, Desember 2014

---

Die Ordonnansie onderskei eerstens tussen wilde diere en gedomestikeerde diere. Die Ordonnansie verdeel verder alle wilde diere in drie (3) katagorieë nl. :

1. Bylae 1 – Beskermd Wild. (Kan enige wilde dier wees)
2. Bylae 2 – Gewone Wild. (Wilde diere met jagseisoen)
3. Wilde diere wat nie wild is nie. (Wilde dier wat nie jagsiesoen het of beskerm is nie)

### ASPEKTE RAKENDE DIE JAG VAN DIERE WAT SKADE VEROORSAAK

Die Vrystaatse Ordonnansie het nie 'n lys van diere wat as sogenaamde skadeveroor sakende diere (Probleemdier) beskou word nie. Dit beteken dat enige individuele wilde dier as 'n skadeveroor sakende dier (Probleemdier) geklassifiseer kan word indien daardie individu of groep individue, in konvlik kom met die mens, weens die een of ander rede. Indien so 'n indevidu volgens wetgewing beskerm word of as die jagseisoen op so 'n dier geslote is, word 'n permit vereis om so 'n dier of groep diere te beheer. Byvoorbeeld; Luiperd en Haena's.

Indien 'n dier wat volgens wet beskerm word, en vermoeddelik in konvlik kom met die mens, kan die betrokke party dit aan die Departement rapporteer, wat dan die probleem sal ondersoek, inspeksie doen en dan moontlike voorkomende maatreëls aan die persoon sal voorstel. Indien voorkomende maatreëls nie werk nie, kan die persoon aansoek doen vir 'n permit om die dier te beheer. In die geval van beskermd en skaars en bedreigde spesies, moet daar eers gepoog word om die dier te vang en te translokeer. Indien dit misluk, mag die dier dan van kant gemaak word onder die permit. Die Departement hou deurlopend toesig oor die verloop van die beheeraksie en kan selfs direk betrokke wees. Karkasse of dele van karkasse van sulke diere word verder volgens wet hanteer.

Wanneer 'n skadeveroor sakende dier nie deur wetgewing beskerm word of 'n geslote jagseisoen het nie, val dit onder die kategorie "Wilde dier wat nie wild is nie" en kan die dier volgens eie diskresie beheer word.

- Rooijakkals, Rooikat, Bobbejaan, Blouaap, ystervark, ens. is bv. wilde diere wat nie wild is nie.
- Luiperd en Haena's is bv. beskermd wild (Ord. 8 van 1969) asook TOPS gelysde spesies.
- Rondloper hond is 'n gedomestikeerde dier maar mag deur grondeienaar van kant gemaak word indien dit sonder toesig of wettige jag, wilde diere op grond, agtervolg of probeer vang.

- Kraai is 'n wilde dier wat nie wild is nie.
- Vlakvark is gewone wild, maar met 'n oop seisoen vir die hele jaar. Kan enige tyd gejag word.
- Bosvark word nie in die Ordonnansie gelys of beskryf nie en sal deurgaans as 'n wilde dier wat nie wild is nie.

### **ASPEKTE RONDOM VERBODE TOESTELLE EN JAGMETODES**

Die Ordonnansie maak voorsiening vir die gebruik van verbode toestelle of metodes vir die beheer van skadeveroorsoekende diere en dit word omskryf in Regulasie 9 en 10.

Die Ordonnansie onderskei verder tussen grondeienaars en nie-grondeienaars en het grondeienaars in sekere gevalle nie nodig om permitte vir die gebruik van sekere verbode toestelle te hê nie, wanneer hulle op hulle eie grond optree.

Sekere verbode toestelle, kan slegs sonder permit, deur grondeienaars op hul eie grond gebruik word om "Wilde diere wat nie wild is nie", te beheer.

Nie-grondeienaars of grondeienaars wat op ander grond as hul eie optree, en van verbode toestelle en beheermetodes gebruik maak, moet skriftelike toestemming van die grondeienaar by hulle hê asook 'n geldige permit om van daardie spesifieke verbode toestel of beheermetode gebruik te maak.

Om 'n permit te verkry om van verbode toestelle en beheermetodes gebruik te maak, moet 'n persoon eers opleiding ontvang en deur die Departement getoets word voordat 'n permit oorweeg sal word.

Geen permit word tans benodig vir die skiet/jag met 'n geweer, van 'n skadeveroorsoekende "wilde dier wat nie wild is nie" (bv. roep en skiet), hetsy vanaf 'n voertuig of vanuit 'n vliegtuig/helikopter. Die skriftelike toestemming van die grondeienaar moet op die persoon gedra word tydens die jagaksie of hy moet direk teenwoordig wees.

Verbode beheermetodes van wilde diere soos gelys in die "Threatened or Protected Species" (TOPS) Regulasies, word omskryf in die Nasionale Omgewings Bestuurs - Biodeversiteits Wet (NEMBA) en is dieselfde as in al die ander Provinsies.

### **PROBLEEMDIER JAGTERS**

Die Ordonnansie maak nie huidiglik voorsiening vir die registrasie van soogenaamde "Spesialis Probleemdier jagter of Professionele Probleemdier jagters" nie.

## **OPLEIDING VIR DIE JAG VAN SKADEVEROORSAKENDE DIERE**

Die Departement bied self opleiding en amptelike opleidingskursusse binne die grense van die Vrystaat Provinsie aan, vir die gebruik van alle wettige beheermetodes.

Die Ordonnansie maak geen voorsiening vir die registrasie van persone wat opleiding wil verskaf vir die jag van skadeveroorsakende diere nie. Die voorgestelde nuwe Provinsiale Wet op Natuurbewaring vir die Vrystaat, bevat wel 'n vereiste van registrasie vir persone wat opleiding wil aanbied en sal soosrtgelyk aan dié van beroepsjag skole wees.

Die Ordonnansie vereis ook nie 'n bevoegdheid sertifikaat as bewys van opleiding met die doel om aansoek te doen vir 'n permit om verbode toestelle of metodes te gebruik nie.

Indien enige persoon opleiding in die gebruik van 'n spesifieke verbode toestel of beheermetode wil aanbied, staan dit hom vry, maar die Departement erken nie noodwendig die standaard van daardie opleiding nie. Die beheer oor die gebruik van 'n verbode toestel of beheermetode, lê by die verkryging van 'n permit om dit te mag gebruik op grond, anders as jou eie.

Voornemende aansoekers om 'n permit om 'n verbode toestel of beheermetode te gebruik, word deur 'n probleemdier beampte van die Departement ge-evalueer en indien nodig verdere opleiding gegee, alvorens sy permit aansoek oorweeg sal word.

## **KONTAK BESONDERHEDE VIR ENIGE INLIGTING RONDOM SKADEVEROORSAKENDE DIERE**

Dept. Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake, Vrystaat Provinsie.

Lourens Goosen, Biodiversiteit Beheeramptenaar: Beroepsjag en Probleemdierbestuur

Tel. (K) 051 400 9534 ; epos: [goosenl@detea.fs.gov.za](mailto:goosenl@detea.fs.gov.za)